Verwysing: 20190205-1249
Lêernommer: 12/2/10/3
Navrae: M Wiese

Kennis- en -Inligtingsbestuursminuut: 0004/2019

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, VKO-bestuurders en Prinsipale van VKO-sentrums

Onderwerp: 2019 WKOD-jaarlikse opname vir openbare en onafhanklike VKO-sentrums

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se jaarlikse opname vir vroeëkindontwikkeling- (VKO)-sentrums sal op **05 Maart 2019** afgeneem word. Prinsipale moet die korrektheid van leerder- en opvoederdata op die Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel (SOBIS) afteken. VKO-bestuurders moet die data van die jaarlikse opname teen die sperdatum op **22 Maart 2019** afteken.

2. Maak asseblief seker dat die volgende teen **05 Maart 2019** korrek op SOBIS weergegee word:

2.1 Alle leerders wat vir 2019 geregistreer is en die sentrum bywoon, verskyn in hul korrekte grade, klasse en taal-van-leer-en-onderrig- (TvLO)-kategorie op SOBIS.
2.2 Leerders se huistale is nagegaan en bygewerk.
2.3 Leerderoorplasings (in en uit) is voltooi.
2.4 'n Identiteits- (ID)-nommer is 'n vereiste vir leerderregistrasie.

3. Die prinsipaal moet ook seker maak dat die lys van opvoeders/praktisyns op SOBIS bygewerk en geverifieer is, insluitende werksondervinding, grade en vakke wat gedurende 2019 onderrig word. Verwyder grade en vakke wat in vorige jare onderrig is.

4. Alle vertoon-, vasleggingskerms en foutverslae moet geverifieer word voor die aftekeningsafdeling van die opname beskikbaar sal wees.

5. Die aftekeningsafdeling van die opname moet voltooi word om te bevestig dat die data geverifieer is, en 'n korrekte uiteensetting van die leerderinskrywings en die getal personeel, soos op 05 Maart 2019, is.

6. Ná die prinsipaal op 05 Maart 2019 afgeteken het, sal 'n momentopname van al die leerder- en opvoederdata beskikbaar gestel word en enige foute wat oorbly, moet opgelos word voor die VKO-bestuurder dit teen 22 Maart 2019 afteken.

7. 'n Nasionale ID-nommer is verpligtend vir alle leerders op alle gerekenariseerde skooladministrasie- en bestuurstelsels. 'n SOBIS-verslag is beskikbaar om leerders te identifiseer wat nie in besit is van ID-nommers nie, en om die vaslegging van ontbrekende ID-nommers te fasiliteer. Indien 'n leerder nie in besit is van 'n geldig ID-nommer nie, moet 'n ongeldige ID-nommer NIE vasgelê word NIE. Adviseer asseblief ouers oor die proses om vir 'n ID by die Departement van Binnelandse Sake aansoek te doen. Waar moontlik, word prinsipale versoek om ouers by te staan om die proses deur die Departement van Binnelande Sake te fasiliteer.

8. Indien enige probleme met die voltooiing van die opname ondervind word, kontak asseblief die tersaaklike VKO-bestuurder of die administrateur van die ondersteuningsprogram (SPA) wat hieronder gelys is:

DISTRIK	KONTAKPERSOON	AMPSTITEL	TELEFOONNOMMER
Metro-Noord	Lindsay de Kock	SPA	021 833 5483
	Branden Steenberg	SPA	021 833 5483
	Zaida van der Berg	ECD manager	021 938 3013
Metro-Sentraal	Curtly R Africa	SPA	021 514 6752
	Philiswa Ntsinde	SPA	021 514 6946
	Madeleine Siddle	ECD manager (Opsiener)	082 896 1043
Metro-Suid	Cameron du Toit	SPA	021 370 2122
	Carly-Ann Cozyn	SPA	021 370 2017
	Carmen Niekerk	VKO-bestuurder	021 370 2004
Metro-Oos	Luciano Brummer	SPA	021 900 7222
	Nqwenelwa Baliso	SPA	021 900 7221
	Michelle Liedemann	VKO-bestuurder	021 900 7221
Weskus	Cedric Morkel	SPA	021 860 1268
	Sally Meyer	VKO-bestuurder	021 860 1202
Kaapse Wynland	Hazel van Rooyen	SPA	023 348 0602
	Kaylin Steyn	SPA	023 348 0694
	Madeleine Siddle	VKOD-bestuurder	023 348 4677
Overberg	Jadean Wildschut	SPA	028 214 7362
	Maylene van Eden	SPA	028 214 7360
	Lynn le Grange	VKO-bestuurder	028 214 7378
Eden en Sentrale Karoo	Zaydene Visagie	SPA	044 803 8314
	Isabel da Silva	SPA	044 803 8314
	Lucretia Roux	VKO-bestuurder	044 803 8314

9. Prinsipale moet die jaarlikse opname se prosesse koördineer om die korrektheid van datavaslegging en tydige afhandeling, en aftekening te verseker.

10. Die WKOD sal nakoming en die datakwaliteit van alle jaarlikse-voorleggings monitor en sal enige gevalle van nienakoming, ongerymdhede en gebrek aan data aan die Hoof van Onderwys rapporteer.

11. Onafhanklike VKO-sentrums word daaraan herinner om hulself te vergewis van hul registrasievoorwaardes. Let asseblief daarop dat voldoening aan die WKOD se datavereistes deel vorm van hierdie voorwaardes. Nienakoming kan tot deregistrasie lei.

12. Die WKOD waardeer die bydrae en toegewydheid van alle onderwysamptenare en sien uit na u voorgesette samewerking in 2019.

GETEKEN: MS ABRAHAMS
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2019-02-22